Tjokkies Preprimêr
051-5223628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

5 Mei 2023
Kw. 2 NUUSBRIEF 2

***Kommunikasie: Lees asseblief die nuusbrief deeglik deur en vergewis uself van al die inligting en reëlings.***

**Sien die kwartaalkalender**

## Kleuter Gholfbaan-uitstappie
### Maandagoggend, 8 Mei

**By die huis:** Kleuters moet asseblief by die huis iets **eet vóór skool** en **nie** 'n oggendkosblik saambring nie.



Hulle eet eers later by die gholfbaan weer.

Sorg assebief dat u kleuter se neus **ekstra skoon uitgeblaas** word by die huis.

**Trek aan :** Rooi kaalvoet-hempie met navy, wit or rooi langmou onderaan.

Denim en gemaklike tekkies – ons stap vêr!

**NB**: Maak veters dubbelknope asseblief.

**Tyd**: Wees vóór 8 by die skool.

**Koste :** Geen koste. Die skool subsidieer die Big Sky busgeld na die gholfbaan en die kossies is geborg.



Hiermee sê ons ook dankie vir u ondersteuning van die projek.

**Middagkleuters bring 'n middagkosblik soos gewoonlik.**

## Naaste-aan-die-pen

Slegs vir ouers!

Kom speel saam!

Wanneer : Dinsdag, Woensdag en Donderdag (9, 10 en 11 Mei)

Tyd: Aankoms– en afhaaltyd

Waar : Op die plastiekgras

Koste : R10 vir 2 houe

Hoe werk dit : Wanneer 'n ouer die kleuter skool toe bring of kom haal, kan u 'n kans vat om die balletjie naaste aan die pen te slaan met 'n klein plastiek gholfstokkie. **Die kleuter kry ander speel-geleentheid.**

**Na u 2 houe trek u 'n klein geskenkie uit 'n sakkie waarvan u kleuter baie sal hou.**

## Lootjies

Ons nooi u uit om lootjies te koop en die kans te staan om 'n braaier te wen!! Daar sal ook ander kleiner gelukkige trekkings wees.

Die lootjies is vanaf Maandag @ R20 te koop op Karri.

Ondersteun ons en laat Tjokkies 'n wenskool bly!



## Tjokkies Itec-Gholfdag



**Wanneer :** Vrydag, 12 Mei, Schoemanspark Gholfbaan

**Skool:** Daar is **geen normale oggendprogram of bederfdag nie.** Ons beveel aan dat kleuters vir wie dit moontlik is om tuis te bly, eerder op hierdie oggend tuis sal bly asseblief.

Op hierdie dag is al die oggendpersoneel by die Gholfbaan betrokke en die middagpersoneel is voldag by die skool, slegs vir toesig.

Hou vir ons duim vas vir 'n suksesvolle dag!

## *Pryse*

Baie dankie vir alle prysskenkings en donasies, ons het groot waardering daarvoor.

Ons sal op die laatste Dinsdag, 9 Mei, alle pryse by die skool wil hê om te verpak vir Vrydag.

## Verjaarsdag

**Juffrou René** (van die Geelklas)

**verjaar op**

**Sondag, 14 Mei**

**Mag sy 'n wonderlike dag en 'n geseënde nuwe lewensjaar beleef.**



**Kom ons bederf haar met spesiale gelukwensinge!**



## Moedersdag

### Sondag, 14 Mei

*" 'n Mamma se taak is om die moontlike te doen en die onmoontlike aan God toe te vertrou. "*

Dis nie altyd maklik om 'n mamma te wees nie , maar dis altyd 'n voorreg. Onthou die heel beste leerskool vir 'n kind is op 'n mamma se skoot.

Ons wens vir elke Tjokkie-mamma 'n heerlike Moedersdag vol seëninge toe!





## Doelwitte

Die doelwitte vir Kwartaal 2 is vandag in die briewesakke. Dit is 'n goeie riglyn van wat ons in hierdie kwartaal van u kleuter verwag.

**Veters vasmaak** is een van hierdie belangrike doelwitte. Leer u kleuter asseblief veters vasmaak, maar intussen moet dubbelknope skool toe gemaak word.

## Middagsorg

Tjokkies se middagmaats geniet daagliks 'n nodige rustydjie, heerlike verversings soos koeldrank, koekies en vrugte, asook nog 'n bietjie speel, klim en klouter!

Dankie aan juffrou Lee-Ann en juffrou Jamie wat hul met toewyding en verantwoordelikheid in die middae hanteer.

Middagsorg-ouers kan juffrou Lee-Ann kontak by 062 128 5228 indien reëlings tov middagsorg getref moet word.



*Baie welkom Juffou Jamie*

## Departementele boekies

U het reeds boekie 2 ontvang. Hierdie boekies is oulike, kleuter-vriendelike boekies. Maak asseblief gebruik daarvan om u kleuter te onwikkel in terme van **taakgerigtheid**, **fynmotoriese vaardighede**, **konsentrasie**, ensovoorts.

## STANDARD BANK

Standard Bank ondersteun Tjokkies en wil graag aan Tjokkie-ouers hul dienste beskikbaarstel.

Konsultante (Minette - 'n Tjokkiemamma) sal Maandag en Dinsdag tussen 7:00 en 8:00 by die hek beskikbaar wees.

Hulle bied enige finansiële raad of indien u 'n rekening vir u kind wil oopmaak met geen bankkostes.

Kom gesels met hulle oor jou kind se toekomsdrome.

Indien jy belangstel bring asb die volgende saam:

ID, Unabridged geboorte sertifikaat en bewys van adres.

## Wintertyd: Baie belangrik

Ons weet die winteroggende is kort en dis moeilik om steeds betyds te wees vir werk en skool - tog wil ons nie hê kleutertjies moet nog met kos in die hand by die skool instap nie, help ons asseblief daarmee.

Vir koue oggende is 'n warmsakkie in die motor lekker, maar dit moet asseblief nie in die skool ingebring word nie - dit raak 'n speeding en trek die aandag van die takies af.

Om dieselfde rede moet kleuters geen speelgoed of items van die huis af saambring nie.

Speelgoed wat vir buite-middagsorg bedoel is, moet asseblief nie soggens in die kleuters se tasse wees nie.

Baie dankie vir u begrip!

# Tema-week




Leer is soveel lekkerder as 'n mens pret het!


Ons beoog om die week van **22 - 26 Mei** 'n spesiale tema-week te hê vir die pret.

## Mannetjie-Maandag:



Bring 'n mannetjie skool toe wat jy die naweek saam met mamma of pappa tuis gemaak het. Ons gaan by die skool ook mannetjies verf en so bewustheid van ons lyfies bevorder ter ontwikkeling van die kleuters se selfvertroue en mensfiguur-tekeninge.

## Dans-Dinsdag:





Op die maat van musiek gaan ons dans, sing, spring, tel, leer en ritme bebruik saam met woorde, sinne en klanke.

## Wiskunde-Woensdag:

Net soos dit sê, gaan daar Wiskunde gedoen word op allerlei manière om getalbegrip en denke te bevorder.

## Dotty-Donderdag:



Dotty-werkies vir ruimtelike oriëntasie en om ons te leer dink-voor-jy-doen!

## Visvang-Vrydag:

Almal trek vir die "viswaters" aan en bring 'n tuisgemaakte visstok vir verbeeldingspel. Nie langer as 50 cm nie, kan 'n toutjie en 'n "vissie" aan hê - geen hoeke nie. Geen regte visstokke nie. Visstokke buite hierdie voorskrifte sal ongelukkig terug gestuur word huis toe en nie by die skool gehou kan word vir speel nie.



## Skaterlag-Saterdag:

Dis naweek! Doen dinge as gesin saam en lag saam. Maak 'n grappie en sien die humor in 'n situasie. Lag is die beste medisyne!

## Stilwees-Sondag:

Na 'n besige tema-week het die lyfies rus en stilte nodig. Voed die magies met 'n heerlike Sondag middagete en voed die siele met stille rustyd - dis ook nodig.